Source: BEELD

Date: 30-May-2007

Topic: 08

Ref No: 8027

1

ID: 03474144-01 | Source Page: 1

2010-besteding plaas nóg druk op lopende rekening

Jaco Leuvennink, Kaapstad

Die bykomende besteding op al drie regeringsvlakke aan die Wêreldbeker-sokkertoernooi in 2010 sal geen nadelige uitwerking op openbare dienslewering in die algemeen hê nie, is luidens die finansiële en fiskale kommissie (FFK) se jongste verslag bevind.

Die kommissie, wat sy jaarlikse verslag en aanbevelings oor die verdeling van inkomste tussen die drie regeringsvlakke gister aan die voorsittende beamptes van die parlement oorhandig het, het wel bevind dat die finansiering van wêreldbekerprojekte verdere druk op die lopende rekening van die betalingsbalans kan plaas.

Dit behoort volgens die verslag egter nie as 'n bedreiging beskou te word nie omdat infrastruktuurbeleggings met langtermynvoordele die meeste van die tekorte wat ontstaan, sal uitkanselleer.

Stygende inflasie weens 2010-besteding en projekbestuursfoute wat tot vertragings en oorskryding van begrotings kan lei, word ook as werklike bedreigings genoem. Die FFK meen egter dat die versnelling van inflasie wat daardeur aangedryf word, nie 'n verhoging van rentekoerse behoort te regverdig nie.

Dr. Bethual Setai, voorsitter van die FFK, het gesê die rede waarom daar nie oormatig kommer oor bykomende besteding met die oog op die 2010-toernooi hoef te wees nie, is dat die regering seker gemaak het dat genoeg voorsiening gemaak is in die mediumtermyn-begrotingsraamwerk vir spesifieke toewysings aan provinsies en munisipaliteite. Dit is by wyse van voorwaardelike toekennings gedoen sodat geld nie van ander diensleweringsaspekte vir toernooibehoeftes gebruik word nie.

Die FFK meen ook dat die stewige vertoning van die ekonomie en die nasionale tesourie se meganismes om besteding te monitor en te beheer nadelige makro-ekonomiese gevolge vir Suid-Afrika sal verhinder.

Die FFK maan nietemin dat gewaak moet word om nie 'n begrotingstekortperk van 3% van die bruto binnelandse produk te oorskry nie.